Rustenburg Gemeenskapskerk
Posbus/PO Box 20146
Proteapark
0305
Cell:066 270 3086
E-mail: esta1@vodamail.co.za

Weeklikse Brood vir **30 Augustus – 5 September 2020**
**Dertiende** week in **Koninkrykstyd**

Skriflesing vir die week: **Matteus 16: 21-28**
*Skriflesing vir volgende week: Matteus 18: 15-20*

### *Sondag – Ingenooi in God se rus en tyd*

- ✓ Koninkrykstyd bevestig die heerskappy van die drie-enige God oor elke faset van ons ewe. Die tyd stel die tweede bede van die "Ons Vader" voorop: "Laat u koninkryk kom…" Die grense van God se huisgesin is oop – die Vader se huis is die ganse koninkryk. Bedink hierdie gedagte.

***Lees Matteus* 16: 21-28**

- ✓ Die tema is Jesus se eerste aankondiging van sy dood en opstanding. Hier beklemtoon *dood en lyding* Jesus se heerlikheid en koningskap. Vir Petrus is hierdie omgekeerde waardesisteem in vers 22 onverstaanbaar. Wat beteken koningskap en heerlikheid? Wat is die kenmerke daarvan? Hoe sal jy dit aan iemand in vandag se tyd verduidelik? Wat is die voorstelling van koningskap wat Jesus in die teks oor Homself gee?
- ✓ Die Apostoliese Geloofsbelydenis sê in artikel 3-6: "Ek glo in… Jesus Christus… wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het." En antwoord 50 van die Heidelbergse Kategismus stel dat die doel waarom Christus aan God se regterhand sit, is: "… sodat Hy Homself daar as die Hoof van sy Christelike kerk kan betoon, deur wie die Vader alles regeer."
- ✓ In vers 24-26 daag Jesus sy volgelinge uit om sy vreemde koningskap te volg. Wat is nou vir ons as gelowiges belangrik? Vra die Here om dit vir ons te gee, sodat ons sy koninkryk kan laat kom.

### *Maandag – Luister na God se Woord*

- ✓ God se tyd is Koninkrykstyd. Rus in die wete. Jesus se heerlikheid is die van sy Vader. Hy regeer reeds. Wees dankbaar en bly daaroor. *Die teks volg direk op verlede week se fokusteks.* Dink na oor verlede week se teks voordat jy die nuwe gedeelte lees

***Lees Matteus* 16: 21-28**

- ✓ Lees ook die teks in die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel en let op hoe dit verband hou met verlede week teks. Hoor die nuwe nuanse van vers 21 in Jesus se boodskap – ook Petrus se ontsteltenis oor hierdie boodskap. Vergelyk die dialoog tussen Jesus en Petrus in vers 22-23 met hulle gesprek in vers 16-19. Verwoord vir jouself die verandering in styl wat 'n mens opmerk. Lees Matteus 16: 24-28 en hoor wat Jesus leer oor gehoorsaamheid aan en navolging van Hom. Luister na Jesus se reaksie op Petrus se teregwysing in vers 22, sy klem op prioriteite en lewe. Hoor hoe Jesus die Seun van die mens se rol in die eindtyd beskryf en wat Hy oor sy heerlikheid en koningskap sê.

### *Dinsdag – Luister na mekaar*

- ✓ Jy is in die heerlike teenwoordigheid van God en die Seun van die mens. Loof die Here vir die voorreg om te kan bely dat jy glo die Seun van die mens regeer reeds aan die regterhand van die Vader!

***Lees Matteus* 16: 21-28** *verkieslik saam met iemand of in 'n groep.*

- ✓ Vertel mekaar wat julle in die teks gehoor het. As jy alleen besig is, skryf jou gedagtes vir jouself neer en onderneem om dit deur die loop van die dag met 'n medegelowige te deel. Luister aandagtig na die ander persoon of persone se gedagtes oor die teks. Vergelyk dit met wat jy gehoor het. Probeer die faktore raaksien wat jou persoonlike afstand van die teks en die agtergrond daarvan beklemtoon.
- ✓ Dink jou vir 'n oomblik in Petrus se posisie in en besin waar hy vir Jesus teregwys. Luister na Jesus se uitdaging tot gehoorsame navolging. Dink oor jou persoonlike posisie in die gesprek tussen Jesus en sy dissipels. Kan jy vandag fees vier oor die lewe?

### *Woensdag – Luister na ander en die tye*

- ✓ Sien die Seun van die mens in sy koninkryk. Onthou gister se belangrikste nuusgebeure. Wat beteken Jesus se koninkryk vir die wêreld van hierdie nuusberigte? Dink oor selfverloëning en kruis-opneem te midde van die gebeure.

***Lees Matteus* 16: 21-28**

- ✓ Die Lewende *Bybel* vertaal vers 24 so: "Jesus sê toe vir sy dissipels: 'As iemand my volgeling wil wees, moet hy sy eie belange prysgee en de kruis dra soos ŉ mens wat ter dood veroordeel is, en saam met My kom.'"
- ✓ Oordink twee scenario's van mense wat hierdie teks lees, wil verstaan en probeer uitleef. Een: iemand wat die slagoffer van geweld is, Twee: ŉ sakepersoon wat ŉ saketransaksie gesluit en ŉ rekordwins behaal het. Die Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer is deur die Nazi's ter dood veroordeel omdat by Jesus se Koningskap ernstig opgeneem het. In sy boek *The Cost of Discipleship* sê hy dat, wanneer Christus jou roep om Hom te volg, Hy jou roep om te sterf. Wat kom jy kort om hierdie soort dissipelskap uit te leef?

### *Donderdag – Luister weer na God se Woord*

- ✓ Wees daarvan bewus dat God met jou deur sy Woord praat. Die Koning regeer! Loof Hom!

***Lees Matteus* 16: 21-28** Word bewus van die werking van die teks in jou ewe.

- ✓ Petrus se reaksie is nogal skokkend. Volgens die Ou Afrikaanse Vertaling van vers 22 het Petrus vir Jesus begin "bestraf" – ŉ sterk woord! Watter emosie wek die teks by jou?
- ✓ Opskrifte bo die fokusteks: Die Ou Afrikaanse Vertaling het: "Die belydenis van Petrus" (v 13-23) en "Die opneem van die kruis" (v 24-28). Die Nuwe Afrikaanse Bybel sê: "Jesus kondig die eerste keer sy dood en opstanding aan" (v 21 -23) en "Om Jesus te volg" (v 24-28). *Die Boodskap* noem dit: "Die Messias kom om te ly" (v 21 -23) en "Dit is moeilik om ŉ volgeling van Jesus te wees" (v 24-28). Die *New International Version* groepeer dit saam onder: "Jesus Predicts His Death." Die tema van dood en lyding loop deur al hierdie opskrifte. Dink oor dissipelskap in die lig hiervan. Is Petrus se reaksie dalk ŉ worsteling om die ware betekenis van dissipelskap te verstaan?

### *Vrydag – Fokus op wat God nou doen*

- ✓ Stop. Ontspan. Fokus op God. Haal diep asem. Neem waar wat God vir jou gee. Dink oor die waarde van die lewe wat God gee.

***Lees Matteus* 16: 21-28** *Fokus veral op vers 24-26.* Let op hoe die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel die woord "lewe" hier gebruik.

- ✓ Dink oor die vraag na die bron van die lewe, asook die vraag na lewenskwaliteit. Wat hoor jy in Jesus se woorde? Vergelyk die Nuwe Afrikaanse Bybel se weergawe met Ou Afrikaanse Vertaling. Eersgenoemde vertaal die Griekse woord *psugé* konsekwent met "lewe", terwyl laasgenoemde dit in vers 26 met die woord "siel" vertaal. Die Griekse woord het verskillende betekenisse: "innerlike self", "lewe" en "persoon." Ontvang hierdie gawe van God met blydskap. Hoor wat die Gees vir jou sê hoe jy die gawe in die wêreld (jou omgewing) kan aanwend. Dink oor Christus se heerlikheid **(v** 27) en hoe dit aan jou lewe betekenis gee. Christus is reeds in sy koninkryk (v 28) en heers reeds as Koning. Hoe leef jy as ŉ burger van sy koninkryk?

### *Saterdag – Antwoord met jou lewe*

- ✓ Ontspan. Bid die volgende twee sinne terwyl rustig word: "Jesus, U gee my die lewe, Jesus, ek wil net vir U lewe." Dink oor gister se geskenk van God (lewe, innerlike self, persoon; heerlikheid; koninkryk). Wat nou verder daarmee?

***Lees Matteus* 16: 21-28**

- ✓ *Die Lewende* Bybel vertaal vers 24-25 so: "Jesus sê toe vir sy dissipels: 'As iemand my volgeling wil wees, moet hy sy eie belange prysgee en die kruis dra soos ŉ mens wat ter dood veroordeel is, en saam met My kom. Want as ŉ mens sy lewe vir homself wil behou, sal hy dit verloor. Maar as ŉ mens gewillig is om sy lewe prys te gee ter wille van My, sal hy dit behou.'" Jy het die week deur die bril van die fokusteks in en rondom jou gekyk en gesien wat aangaan. Jy het dalk van onverwagse gawes en nood bewus geword. Jy het kans gehad om te luister wat die lewe en die Gees vir jou sê. Bepaal wat nou nodig en belangrik is. **Dan**: Vra God daarvoor! Wees dit! Leef dit!

# Familie Tuisblad

**30 Augustus – 5 September 2020**

in samewerking met *nous.org.za*

## Fokus vers

**Matteus 16: 26**
Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?

## TEMA van die week

Ons volg vir Jesus…

## BYBEL tyd

**So:** Matteus 16: 21-28
**Ma – Di:** Eksodus 3: 1-15
**Wo – Do:** Psalm 105: 1-6, 23-26, 45c
**Vr – Sa:** Romeine 12: 9-21

## BID tyd

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Dankie dat U vir ons lewe gee, ook deur hierdie kos. Amen.

**Oorgee–gebed**
Laat ek myself weggee en U volg. Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag jy vandag 'n kruisdraer wees.

## GESELS tyd

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel–tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**

- Waaroor sou Petrus vir Jesus berispe het? Om watter rede?
- Wat beteken dit om "jou kruis op te neem"?
- Hoekom vertel Jesus vooraf vir sy dissipels dat Hy doodgemaak gaan word en gaan opstaan?
- Vertel van 'n keer toe jy jouself verloën het (jouself weggegee het), en daar lewe daaruit gekom het.

## SPEEL tyd

Ons spandeer kwaliteit–tyd saam

Gebruik klei of verskillende soorte stokke, tou, plankies en gom om verskillende kruise te maak. Julle kan ook die kruise versier of verf. Plaas 'n kruis op 'n opsigtelike plek. Julle kan ook een van die verse uit die teks uitskryf en by die kruis opsit.

## DOEN tyd

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Neem vir iemand een van die kruise wat julle gemaak het by "speeltyd". Maak genoeg tyd om te luister hoe dit regtig met daardie persoon/ persone gaan.

## LEEF tyd

Ons leef ons geloof heelweek uit

Kry 'n spesifieke plek in julle huis waar sleutels, fone, beursies of iets waardevols wat jy elke dag gebruik, kan neersit. Elke keer wanneer julle dit daar neersit teen die einde of deur die loop van die dag, sê jy: "Ek lê my lewe neer."

**30 Augustus – 5 September 2020**
**Bybelstudie: Matteus 16: 21-28**
**Volgende week:** *Matteus 18: 15-20*

*Jesus kondig die eerste keer sy dood en opstanding aan*

Mat 16: 21 Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en
baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak
moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word.
22 Petrus het Hom toe opsy geneem en Hom begin berispe: “Mag God dit verhoed, Here!  Dit sal beslis
nie met U gebeur nie.”
23 Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: “Moenie in my pad staan nie, Satan!  Jy is vir
My ’n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.”

*Om Jesus te volg*

24 Toe sê Jesus vir sy dissipels: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis
opneem en My volg,
25 want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My
verloor, sal dit terugkry.
**26 Wat sal dit ’n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy
lewe verloor, of wat sal ’n mens gee in ruil vir sy lewe?**
27 Die Seun van die mens gaan saam met
sy engele kom.  Hy sal beklee wees met dieselfde heerlikheid as sy Vader en sal elkeen volgens sy
dade vergeld.
28 Dit verseker Ek julle: Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterwe
voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie.”

Van hoofstuk 16-20 is Jesus besig om die dissipels voor te berei op wat in Jerusalem en aan die kruis sou gebeur.  Dit is die eerste keer in Matteus wat Jesus sy lyding en dood sou voorspel.  Die ander kere is in 17: 22-23; 20: 17-19 en 26: 1-2.

Matt.  16: 21-28 moet eintlik saam met vers 13-20 gelees word.  In vers 16 bely Petrus dat Jesus die Messias is, die Seun van God en nou in vers 21-28 wys Jesus hom wat sy Messias-wees en Petrus se dissipel-wees vir hulle inhou.

Kan jy jou indink hoe opgewonde die dissipels moes wees toe hulle sekerheid begin kry het dat Jesus regtig die Messias is?  Toe hulle besef dat hulle die koninkryk gaan sien kom?  Toe hulle begin besef watter mag hulle as dissipels gaan hê?

Totdat Jesus vir hulle in vers 21-28 sê: “Nie so vinnig nie!  Dinge gaan so bietjie anders werk as wat julle gedink het...” Jesus gee hulle nie eens kans om hulle sekerheid te vier nie.  Hy begin dadelik deur sy lyding en dood aan te kondig...

**Vers 21 “Van toe af het Jesus...”** In Matt.  4: 17 gebruik Matteus dieselfde formule om die nuwe fase van Jesus se bediening, na die versoeking in die woestyn, in te lei.
Dit het daartoe gelei dat baie teoloë Matteus hiervolgens in drie deel: die bekendstelling van Jesus (Matteus 1 tot 4: 17), die openbare bediening van Jesus (Matteus 4: 17 tot 16: 20) en dan die lyding, dood en opstanding van Jesus (Matteus 16: 21-28: 20).

Die mense het ’n Messias verwag wat soos Dawid die vyande van Israel sou verslaan.  In vers 21 maak Jesus egter dit duidelik dat die Messias heeltemal anders gaan wees.  Mense sou die Messias vervolg, nie aanvaar nie.  Hy sou nie ’n kroon kry nie, maar sou tereggestel word.  Hy sou nie bemagtig word deur krag en mag nie, maar sou verswak word deur pyn en ellende.

**“...het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel...”** Jesus het dit vir hulle gewys – nie net gesê nie – wat sy Messias-wees behels.  Ten spyte daarvan het hulle nie verstaan nie.  Hulle sou eers regtig verstaan toe hulle die verheerlikte Jesus gesien het.

**“...dat Hy Jerusalem toe moet gaan...”** In die Griekse teks word ’n klein Griekse woordjie, *dei*, gebruik om aan te dui dat dit God se wil was dat Hy moet gaan.  Jesus moet Jerusalem toe gaan om sy Goddelike missie te gaan uitvoer.

**"...en baie moet ly..."** Volgens Jesaja 53: 4-6 en Psalm 22 en 69 sou die Messias ly – die idee van 'n Messias wat ly, moes dus nie eintlik 'n vreemde gedagte vir die dissipels gewees het nie. Tog was dit asof die dissipels dit nie kon of wou glo nie.

**"...onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes..."** Hierdie drie groepe het die Sanhedrin uitgemaak, die hoogste hof van die Jode. Dis nie eens asof Jesus deur die vyand doodgemaak sou word nie, Hy sou deur sy eie mense vervolg word. Jy kan jou net indink hoe 'n vreemde gedagte dit vir die dissipels moes wees dat dit juis die Sanhedrin sou wees wat hul eie Messias sou vermoor.

**"...dat Hy doodgemaak moet word..."** Dit was nog iets wat die dissipels maar net nie kon verstaan nie. Hoe kan 'n dooie Messias hulle help of enigsins red? Hoe kan God iemand stuur om iets so on-goddelik te doen, soos om te sterf? En as Hy dan moet sterf, waarom nie soos 'n held op die oorlogsveld nie, maar soos 'n boef aan 'n kruis?

**"...en die derde dag uit die dood opgewek moet word."** Die dissipels was nog so geskok oor die feit dat die Messias doodgemaak sou word, dat hulle nie eens hoor dat Hy sê Hy uit die dood opgewek sal word nie.
Jesus het Homself nie uit die dood opgewek nie. Hy het sy lewe in die hande van sy Vader geplaas, wat Hom uit die dood opgewek het.

**Vers 22 en 23 "Petrus het Hom toe opsy geneem en Hom begin berispe: "Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie."**
Die arme Petrus... hy het nou net bely dat Jesus die Messias is. Hy kon dus nie verstaan wat hierdie skielike praatjies oor die dood en lyding en vervolging beteken het nie. Dit kan tog nie die pad wees van die Messias nie? Dit was dan die pad wat gewone mense en profete moes loop... die Messias moes tog anders wees?

Dis nie asof Petrus nie meer respek vir Jesus het nie – hy neem Hom opsy sodat die berisping privaat is én hy spreek Hom aan as 'Here'. Dit was egter steeds nie aanvaarbare gedrag van 'n dissipel teenoor sy rabbi nie. Sy berisping is totaal uit pas met sy belydenis 'n oomblik te vore en deur te vra dat God dit moet verhoed, staan hy in die pad van God se plan.

Dit wys ook maar net weereens dat die Jode gesukkel het met die idee van 'n Messias wat moes ly en sterf. Petrus sou dit eers verstaan na die opstanding.

**"Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: "Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê."**
Dis dieselfde woorde wat Jesus vir Satan gesê het in Matteus 4: 10 nadat hy Hom in die woestyn versoek het. Die verskil is net dat Jesus Satan versoek het om weg te gaan van Hom af, terwyl Hy vir Petrus vra om in die regte posisie (verhouding) tot Hom te kom. Die regte posisie vir 'n dissipel is agter Jesus, besig om die Rabbi te volg. Die inisiatief moet van Hom afkom, nie van die dissipel nie.

Petrus – die Rots van vers 18 – word Petrus, die Struikelblok (*skandalon*). Die woord *skandalon* was gewoonlik gebruik om na 'n lokval of wip te verwys, maar is veral gebruik om te verwys na 'n klip wat in die pad gelos word, sodat iemand daaroor moes struikel of sy toon daarteen moes stamp. Jesus sê die Rots het 'n struikelblok vir ander se geloof geword.

Erger nog, sê Jesus, Petrus word Satan omdat hy Hom van sy opdrag wil wegkeer.

**Vers 24 "Toe sê Jesus vir sy dissipels..."** In die Markus-evangelie sê Jesus hierdie woorde aan die skare. Matteus fokus egter op Jesus se rol as rabbi en daarom is hierdie woorde in sy weergawe gerig aan die dissipels. Die dissipels moes verstaan wat hulle rol en opdrag is. Hy wou hulle pertinent waarsku oor die kruis wat op elkeen wag.

**“As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg...”**
Jesus het elkeen van hulle reeds geroep. Hy nooi hulle egter nou uit om hulle antwoord te heroorweeg in die lig van die nuwe informasie. Hulle het dalk gedink dat om Jesus te volg aan hulle eer en mag sou bring, maar nou herinner Hy hulle dat dit gaan lei tot selfprysgawe en ’n kruis. Diegene wat hulle lewens vir Hom prysgegee sal egter almal getuig dat dit vir hulle beter was!
Jim Elliot, ’n sendeling wat vermoor is deur die mense onder wie hy gewerk het, het voor sy dood gesê: “He is no fool who gives what he cannot keep to gain what he cannot lose.”

Jesus se doel is nie om ons lewe van ons af weg te neem nie, maar om vir ons juis lewe in oorvloed te gee.

Om jou kruis op te neem, beteken nie dat jy ’n kruis moet gaan soek nie. Dit gaan meer daaroor dat jy in nederigheid jouself aan jou naaste sal gee en dat jy in gehoorsaamheid aan God sal lewe.

Maarten Luther het gesê dat enige gelowige wat getroud is en ’n gesin het om te onderhou, reeds ’n ingeboude kruis in hulle lewens het.

**Vers 25 en 26 “...want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry. Wat sal dit ’n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal ’n mens gee in ruil vir sy lewe?”** Satan het Jesus hiermee versoek! Hy sou vir Hom die wêreld gee as Jesus hom sou aanbid.

Jesus maak dit egter duidelik dat dit die pad is van *elke* gelowige. Ons is nie net observeerders van Jesus se lyding nie, ons moet daarin deel! Ons gaan nie net vir mense daarvan vertel nie, ons gaan dit beleef!

**Vers 27 “Die Seun van die mens gaan saam met sy engele kom. Hy sal beklee wees met dieselfde heerlikheid as sy Vader en sal elkeen volgens sy dade vergeld.”** Lyding en dood is nie die volle verhaal van die Messias en sy volgelinge nie. Die Seun van die mens sal oorwin en ons, sy dissipels, gaan deel in die oorwinning.

Die titel ‘Seun van die mens’ is die titel wat Matteus die meeste vir Jesus gebruik.

Dis nie die enigste keer wat Jesus sou sê dat ons dade saak maak nie. Hy sê dit bv. ook in Matteus 25: 31-46. Ons geloof moet sigbaar word in die dinge wat ons doen, in die manier waarop ons leef.

**Vers 28 “Dit verseker Ek julle: Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterwe voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie.”** Hierdie vers is moeilik om te verstaan. Dis duidelik dat Matteus nie hierdie praat van die wederkoms nie. Die moontlikheid is dus eerder dat hy hier na die Transfigurasie (die verheerliking op die berg) kon verwys – dit gebeur net hierna in Matteus 17.

Hy sou ook kon verwys na die opstanding, hemelvaart of selfs Pinkstersondag.
Vir Matteus het die koninkryk sigbaar geword in die opgestane Messias.
Ons sien die koninkryk kom in gemeenskappe waar gelowiges ’n hand reik na hulle in nood en waar Jesus se liefde en genade sigbaar gemaak word.

Ons kan hoop en droom oor die wêreld wat gaan verander, ja. Maar die manier waarop ons die wêreld gaan verander, gaan nie deur mag wees nie, maar deur onsself prys te gee.

**Bronnelys**

- **Bybellenium**
- **Bybel in Praktyk**
- Combrink, HJB. **Die Evangelie volgens Matteus**.
- Davies, W D & D C Allison. **Matthew.** (Shorter Commentary).
- France, RT**. The Gospel according to Matthew.**
- Hagner, D. A. **Matthew 14-28.** (World Biblical Commentary).
- Nolland, J. **The Gospel of Matthew**.
- Turner, D L. **Matthew**.

**30 Augustus – 5 September 2020**
**Kleingroep**
**Matteus 16: 21-28**

Jesus Leef en ons met Hom

**1.  Kontak met mekaar**
Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

**Ysbreker**
Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
Waarvoor is jy dankbaar?
Wat was vir jou moeilik?

- Sonder wat kan jy nie lewe nie?
    - Wat sal jy moeilik opgee?

**2.  Kontak met God**
Neem paar oomblikke.  Raak stil en rustig.  Haal diep asem.  Lees **Psalm 63: 2-9** as ’n gebed.
Dink na oor wat jy moet doen om naby God te bly.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef?  Dank God daarvoor.

**3.  Kontak met die Woord**
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek.  Lees nou die week se fokusteks.
Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

**Gesels oor die volgende:**
- Die een oomblik is Petrus die rots waarop die kerk gebou word en die volgende is hy die rots wat ’n struikelblok is.  Is dit nie maar waar van ons almal nie?  Hoe beleef jy dit?
- Wat is die drie goed wat mens moet doen om Jesus te volg?  Wat is die betekenis van elkeen?  Wat beteken dit nie?
- Wat verhoed jou om werklik ’n dissipel te wees?  Waarmee sukkel jy?
- Wat maak julle van die paradoks in vers 25?  Hoe moet ons dit verstaan?
- Hoe moet die lewe lyk van iemand wat vir Jesus volg?
- Gesels oor hierdie gedagte en die implikasies daarvan: “Is jy besig om Jesus te volg of net te glo in Christus?”
- Help mekaar om te dink aan praktiese maniere waarop jy in jou alledaagse lewe ’n volgeling (dissipel) van Jesus kan wees.

**4.  Bedien mekaar:** Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee.  Vra dat Hy julle sal help om opstandingslewens te lei.

Dit sal goed wees as julle ’n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Dank God vir Sy seën in jou lewe.

**Pitkos:**
Iemand skryf oor die eerste evangelie en sê dat Matteus in die eerste plek die evangelie as dissipel, as navolger van Jesus, skryf met die doel om duidelike riglyne te gee oor wat dissipelskap behels binne ’n geloofsgemeenskap.  Hier gaan dit uiteraard nie net oor die aanleer van sekere feite of waarhede nie, maar die vorming van navolgers se karakter en menswees.  Ons sou ook kon sê: terwyl ons die evangelie van Matteus deur die bril lees van ’n curriculum vir dissipelskap, ons ook as lesers terselfdertyd beter dissipels van Jesus sal word.  Dissipels van Jesus vorm ook ’n geloofsgemeenskap wat die ganse wêreld in gestuur word om ’n nuwe gemeenskap van volgelinge van Jesus (kerk!) elders te gaan vestig.

Volgelinge van Jesus leer en onderrig nie net ander persone om ook navolgers van Jesus te word nie, maar beliggaam self die lewe van Jesus as “God met ons”.  Die kuns van dissipelskap is dus daarin geleë om tydens die lewenslange “maraton van navolging van Jesus”, daar ’n fyn aanvoeling en bedagsaamheid sal groei vir die manier waarop Jesus geleef het.

**Nabetragting** (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

- ✓ Noem die hoofgedagtes van die preek?  Wat het julle opgeval?
- ✓ Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?
- ✓ Wat dink julle was die hoofgedagte?  Kan julle dit in een sin opsom?